# MIDSTREAM COLLEGE MUSIEKATELJEE

# BELEID 2024

## 1. LESSE

a) Lesse word in die middae en gedurende nie-akademiese periodes (Musiek, LO, Lewensoriëntering en Kuns) aangebied. Lesse vir hoërskoolstudente word slegs in die middae of voor skool aangebied.

b) Elke student sal dertig (30) praktiese lesse per jaar ontvang. Omdat kwartaal 4 slegs ’n paar weke het, is daar meer lesse wat in kwartaal 1, 2 en 3 aangebied word. ’n Hele kwartaal se fooie word egter gehef aangesien 30 lesse teen die einde van die jaar aangebied word.

c) Lesse word op sekere weeksdae, slegs gedurende die skoolkwartaal deur Musiekateljee-onderwysers by Midstream College aangebied.

d) Formele teorielesse is nie verpligtend vir beginners nie. Groepteorieklasse vir laerskoolkinders word tydens saal vir ’n uur aangebied.

e) Hoërskoolstudente kry teorielesse, teen dieselfde koste as individuele praktiese lesse of groepklasse mag met die betrokke onderwyser gereël word.

f) Dit is belangrik dat kinders ’n instrument by die huis het om op te oefen. Vordering sal uiters moeilik wees sonder oefening tuis. In die geval van viool-, tjello-, kitaar- en blokfluitlesse, moet die student hul eie instrument op die betrokke lesdag saambring skool toe.

g) Vorderingsverslae sal aan die einde van kwartaal 2 en 4 aan laerskoolstudente se ouers gestuur word.

h) Musiekonderwysers onderneem om hul beste vir hul studente te doen, maar daar word ook van elke student verwag om die nodige voorbereiding vir elke les te doen.

i) Indien oefeninge nodig is vir ’n groepoptrede (vier of meer studente) by ’n opvoering, mag onderwysers R267 per halfuur vra. Die bedrag word tussen die hoeveelheid kinders in die groep gedeel.

j) Sodra die kontrak ingevul is en aan mev. Wendy Nieuwoudt per hand of per e-pos by wendyn@midstreamcollege.co.za terugbesorg is, sal u kind by ’n Musiekonderwyser geplaas word. U sal persoonlik deur die Musiekonderwyser gekontak word.

## 2. AFWESIGHEID

a) Indien ’n kind weens siekte afwesig is, moet die ouer die Musiekonderwyser teen 07:30 in kennis stel dat die kind nie sy / haar musiekles gaan bywoon nie. In so ’n geval mag die les herskeduleer word in ’n tyd wat beide die onderwyser en die student pas.

b) Waar skoolgeleenthede die Musiekateljees se roosters ontwrig, sal studente van hul musieklesse verskoon word. Indien moontlik, sal hierdie lesse deur die betrokke onderwyser herskeduleer word op ’n gerieflike tyd vir die student sowel as die onderwyser.

c) Grondslagfase-studente word vir die eerste paar lesse uit hul klaskamers gehaal. Daarna is dit die verantwoordelikheid van die studente om self na die musiekklas toe te stap, tensy die musieklestyd op ’n buitengewone tyd plaas vind. Fooie is nie terugbetaalbaar vir lesse wat gemis word nie.

d) Indien ’n leerder ’n les mis om enige ander rede as medies en die onderwyser was vooraf (24 uur voor die tyd) in kennis gestel, kan die les herskeduleer word, slegs indien die betrokke onderwyser ’n gepaste opening op haar / sy rooster het. Hierdie ‘opvangles’ sal met die ouer gekoördineer word, omdat die lestyd moontlik op ’n ander dag val as die gewone les en die leerder herinner sal moet word. Sou ’n ‘opvangles’ gemis word, kan dit nie weer herskeduleer word nie.

e) Soms vind professionele verantwoordelikhede van die Musiekpersoneel gedurende skoolure plaas. In sulke gevalle sal die lesse op ’n gerieflike tyd vir beide die student en die onderwyser deur die betrokke onderwyser herskeduleer word.

## 3. FOOIE EN BETALING

a) Musiekateljeefooie word jaarliks deur Midstream College Primêre Skool goedgekeur en aangepas.

b) Musiekgelde is aan die begin van kwartaal 1, 2, 3 en 4 betaalbaar en moet direk in die betrokke onderwyser se bankrekening inbetaal word.

c) Indien ’n student ná die begin van 'n kwartaal met musieklesse begin, sal ouers vir die hele kwartaal se fooie aanspreeklik wees, aangesien dit moontlik is vir die lesse om ingehaal te word. Aanpassings sal slegs gedurende die vierde kwartaal gemaak word.

d) Indien begeleiding vereis word vir opvoerings of eksamens, bv. viooleksamens, let asseblief daarop dat daar ’n addisionele koste sal wees. Privaat reëlings moet vooraf deur die ouers gemaak word, aangesien onderwysers nie vir begeleiding verantwoordelik is nie. Die begeleier moet direk deur die ouers betaal word.

e) Midstream College sal aan elke student ’n huiswerkboek voorsien, maar alle ander boeke, eksterne eksamenfooie en toerusting is deur die ouer betaalbaar.

f) Die huiswerkboek dien ook as ’n oefenrekord en moet elke week deur ouers onderteken word.

g) Fooie vir 2024

| OPSIE | LESSE PER JAAR | DUUR VAN LES | FOOIE PER KWARTAAL |
|---|---|---|---|
| 1 | 30 individuele prakties | 30 minute | R2 004 |
| 2 | 30 individuele teorie | 30 minute | R2 004 |
| 3 | 24 groepsteorie | 1 uur | R1 215 |

## 4. KANSELLASIE

a) Indien ’n student besluit om op te hou om praktiese of teorielesse te neem, moet ouers een maand skriftelike kennisgewing gee, gerig aan die betrokke Musiekonderwyser sowel as mev. Wendy Nieuwoudt by wendyn@midstreamcollege.co.za.

b) Fooie sal nie terugbetaal word, indien kennisgewing voor die einde van ’n kwartaal gegee word nie.

c) Indien ’n student aan die einde van kwartaal 3 wil ophou om musieklesse te neem, moet kennis teen 10 Augustus 2024 gegee word. Kennis mag nie aan die einde van die derde kwartaal gegee word nie.

d) Hierdie beleidsdokument is ’n bindende ooreenkoms tussen die partye en geen wysiging van voorwaardes sal geldig wees indien dit nie skriftelik gedoen en onderteken is deur die ouer / voog nie.

______________________________ **Handtekening: Ouer / Voog**

______________________ **Datum**

# MIDSTREAM COLLEGE MUSIEKATELJEE

## Aansoekvorm

| STUDENT | | | |
|---|---|---|---|
| Van | | | |
| Naam / Name | | | |
| Noemnaam | | Moedertaal | |
| Geboortedatum | | Skoolgraad | |

| OUERS / VOOGDE | | | |
|---|---|---|---|
| Vader / Voog 1 | | Moeder / Voog 2 | |
| Titel | | Titel | |
| Van | | Van | |
| Naam | | Naam | |
| Tel nr. (Huis) | | Tel nr. (Huis) | |
| Tel nr. (Werk) | | Tel nr. (Werk) | |
| Selfoonnommer | | Selfoonnommer | |
| E-posadres | | E-posadres | |

| ONDERRIG AANGEVRA<br>(Kies instrument asseblief (✓) waar toepaslik) | | | |
|---|---|---|---|
| KLAWERBORD INSTRUMENTE | | SNAAR INSTRUMENTE | |
| Klavier | | Viool | |
| Klawerbord | | Tjello | |
| | | Klassieke Kitaar | |
| | | Ligte Musiek Kitaar | |
| BLAAS INSTRUMENTE | | PERKUSSIE | |
| Blokfluit | | Dromme | |
| Dwarsfluit | | | |
| VOKAAL | | TEORIE | |
| Individuele vokale onderrig | | Groepslesse | |
| | | Individuele lesse (Sien beleid vir fooie) | |

| STUDENT SE VORIGE ONDERRIG | |
|---|---|
| **HOOFINSTRUMENT** | **JARE ONDERRIG ONTVANG** |
| | |

| PRAKTIESE EKSAMENS REEDS GEDOEN<br>(Merk (✓) en voltooi waar toepaslik) | | |
|---|---|---|
| UNISA | | Graad: |
| ABRSM | | Graad: |
| Trinity | | Graad: |

| BYKOMENDE INSTRUMENTE | JARE ONDERRIG ONTVANG |
|---|---|
| | |
| | |

| TEORIE EKSAMENS REEDS GEDOEN<br>(Merk (✓) en voltooi waar toepaslik) | | |
|---|---|---|
| UNISA | | Graad: |
| ABRSM | | Graad: |
| Trinity | | Graad: |

| KIES (✓) ASSEBLIEF JOU GEKOSE LESOPSIE | | | |
|---|---|---|---|
| **LES OPSIE 1** | | **LES OPSIE 2** | |
| • Gestruktureerde leerplan.<br>• Moontlike eksterne eksamens.<br>• Ten minste drie oefensessies per week.<br>• Teorielesse aanbeveel.<br>• Kultuurfees: deelname verpligtend.<br>• Vorderingsverslae twee keer per jaar.<br>• Huiswerkboek moet geteken word. | | • Gestruktureerde leerplan gefokus op student se persoonlike keuse.<br>• Geen eksterne eksamens.<br>• Ten minste twee oefensessies per week.<br>• Teorielesse opsioneel.<br>• Kultuurfees: deelname word aanbeveel.<br>• Vorderingsverslae twee keer per jaar.<br>• Huiswerkboek moet geteken word. | |

| | |
|---|---|
| **Vorige Prestasies** | |

**Kies 'n lesopsie uit die gegewe lys:**

| OPSIE | ✓ | LESSE PER JAAR | DUUR VAN LES | FOOIE PER TERMYN |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | 30 individuele prakties | 30 minute | R2 004 |
| 2 | | 30 individuele teorie | 30 minute | R2 004 |
| 3 | | 24 groepsteorie | 1 uur | R1 215 |

☐ Ek gee toestemming dat my kontakbesonderhede met die relevante Musiekonderwysers gedeel kan word. (Merk (✓) die boks om toestemming te gee.)

**GETEKEN:** ______________________________ **DATUM:** ____________________